



Ingrid Jonker-prys

Reglement

Tydens haar “tweede begrafnis” in Julie 1965 het vriende van die jong en geliefde digteres Ingrid Jonker besluit om ’n prys met haar naam vir debuutdigters uit te loof. Skrywers en vriende het geld bygedra, en die uitgewers en skrywers het alle inkomste uit die boeke *In memoriam*, *Ingrid Jonker* en *Die Sestigers* geskenk. So is die Ingrid Jonker-prysfonds gestig.

Die prys word jaarliks beurtelings aan ’n Afrikaanse of ’n Engelse debuutdigbundel toegeken, die twee tale waarin Ingrid Jonker geskryf het. Die prys word slegs vir ’n werk met ’n ISBN toegeken wat gedurende die twee jaar voor die jaar van beoordeling verskyn het. Dit wil sê, vir die 2019 Ingrid Jonker-prys vir Afrikaanse poësie kom bundels in aanmerking wat in 2017 en 2018 gepubliseer is.

1. Geen gesamentlike toekenning mag gemaak word nie (met ander woorde: die prys kan nie gedeel word nie) en ’n digter kan slegs een maal vir die prys in aanmerking kom.
2. Slegs debuutbundels wat deur Suid-Afrikaanse uitgewers gepubliseer word, kom in aanmerking vir die Ingrid Jonker-prys.
3. Slegs digters met Suid-Afrikaanse burgerskap, of digters met óf permanente verblyfreg óf vlugtelingstatus wat in Suid-Afrika woon en werk, sal vir die Ingrid Jonker-prys oorweeg word.
4. ’n Digter wat reeds ’n bundel in Afrikaans gepubliseer het, kan nie daarna ’n Engelse bundel voorlê nie, en omgekeerd. Vertalings sal ook nie vir die prys in aanmerking kom nie. Indien ’n skrywer egter reeds boeke in ander genres (prosa of drama)

gepubliseer het en dan 'n eerste Afrikaanse of Engelse digbundel die lig laat sien, kan hy/sy wel vir die Ingrid Jonker-prys oorweeg word.

5. 'n Bundel wat gedigte/tekste in Engels en Afrikaans bevat, mag wel voorgelê word. Die uitgewer sal egter in so 'n geval moet besluit of die bundel vir die Afrikaanse of Engelse prys voorgelê word – 'n bundel kan net een keer voorgelê word.
6. 'n Tweetalige komitee van vyf lede (bestaande uit sowel gepubliseerde Afrikaans- as Engelssprekende digters) vergader wanneer nodig. Ten minste twee van die vyf lede moet Engelse of Afrikaanse digters wees.
7. Indien 'n komiteelid bedank, wys die komitee 'n ander lid aan. Die komiteelede moet almal gepubliseerde digters wees.
8. Die komitee wys drie beoordelaars aan. Die beoordelaars moet ook almal gepubliseerde digters wees – die Ingrid Jonker-prys is 'n prys van digters aan digters.
9. Alle meedingende bundels word deur die betrokke uitgewers goedgunstiglik aan die drie beoordelaars geskenk, een eksemplaar vir elkeen.
10. Die beoordeling vind so spoedig moontlik ná ontvangs van die bundels plaas.
11. Elke beoordelaar kies drie topbundels. Die bundel wat eerste geplaas word, kry 5 punte, die tweede plek 3 punte, en die derde plek 1 punt.
12. Elke beoordelaar skryf 'n kort verslag oor die bundel wat hy of sy eerste geplaas het.
13. Die bundel wat altesaam die meeste punte van die drie beoordelaars ontvang het, wen.
14. Tot en met die puntetoekenning, sal die beoordeling vertroulik en individueel geskied. Voor die puntetoekenning mag geen gesprek tussen die beoordelaars gevoer word nie.
15. In die onwaarskynlike geval van 'n gelykop-uitslag kies die beoordelaars tussen die twee bundels wat ewe veel punte ontvang het.
16. Indien die werke volgens die meerderheid van die beoordelaars (dit wil sê twee uit drie) nie op peil is nie, word geen prys toegeken nie.
17. Indien slegs een bundel in 'n gegewe jaar ter beoordeling voorgelê word, sal daar steeds drie beoordelaars aangewys word. Sou die meerderheid van die drie beoordelaars meen dié bundel is bekroningswaardig, sal die prys toegeken word.
18. Die prys behels die rente van die Ingrid Jonker-prysfonds. Die belegging kan te enige tyd deur skenkings aangevul word, maar die prys is 'n onafhanklike een. Borgskappe deur instansies wat kommersiële belange deur hul borgskap wil bevorder, is dus nie wenslik nie.
19. Die prys word by 'n gepaste publieke geleentheid oorhandig.

THE INGRID JONKER PRIZE

Rules and regulations

During her “second funeral” in July 1965, friends of the young and beloved poet Ingrid Jonker decided to honour her memory with a prize for debut poets. Writers and friends contributed money, and a publisher and writers donated all income from the books *In Memoriam, Ingrid Jonker* and *Die Sestigers*. Thus was the Ingrid Jonker Prize instituted.

- 1 The prize is awarded alternately for a debut volume of poetry in English and a debut volume of poetry in Afrikaans, the two languages in which Ingrid Jonker wrote. The prize can only be awarded to a volume with an ISBN published within the two years before the year of adjudication. In other words, only debuts published in 2017 and 2018 will be eligible for the 2019 Ingrid Jonker Prize for Afrikaans Poetry.
- 2 No joint awards of the prize will be made and a poet can only be eligible for the award once.
- 3 Only first volumes of poetry published by a South African publisher will be considered.
- 4 Only poets who have South African citizenship, or poets who are based in South Africa and have either permanent residency or refugee status, will be eligible for the Ingrid Jonker Prize.
- 5 A poet who has already published a volume of poetry in Afrikaans may not then submit a collection in English, and vice versa. Translations will not be eligible for the prize either. If, however, a writer has already published in other genres (prose or drama), and then publishes a first English or Afrikaans volume of poetry, he/she will be eligible for the Ingrid Jonker Prize.
- 6 A volume that contains poems/texts in English and Afrikaans may be submitted. However, in such a case the publisher will have to decide whether the book is submitted for the English or Afrikaans award – a volume of poetry may be submitted once only.
- 7 A bilingual committee of five members (consisting of published poets writing in English and Afrikaans) meets whenever necessary. At least two of the five members should be English and two Afrikaans.
- 8 If a member of the committee resigns, the committee appoints another member. All the members of the committee have to be published poets.
- 9 The committee appoints three judges. All the judges have to be published poets as well – the Ingrid Jonker Prize is an award made by poets to poets.
- 10 All submissions for the prize are given gratis by the relevant publishers. Three copies of each book must be submitted.
- 11 The adjudication takes place as early as possible after all the submissions have been received.
- 12 Each judge selects the three best volumes. Five points are awarded to the first choice, 3 points to the second choice and 1 point to the third choice.

- 13 Every judge must submit a brief report on the volume he or she selected as a winner.
- 14 The debut with the greatest number of points is declared the winner.
- 15 Up until the stage where the judges submit their points, the adjudication is done confidentially and individually. The judges are not allowed to have any discussions before their points have been awarded.
- 16 In the unlikely event of a tie, the judges will be asked to vote between the two tied works.
- 17 If the works are not considered of high enough standard by the majority of judges (i.e. at least by two of the three), the prize will not be awarded.
- 18 If only one book is submitted, three judges will still be appointed. If the majority of judges decide the volume is of sufficient merit, the prize will be awarded.
- 19 The prize consists of the interest on the original investment. The invested amount may be increased through donations at any time, but the prize should maintain its independent status. Sponsorships from institutions wishing to pursue commercial interests with their sponsorship are therefore not desirable.
- 20 The prize will be awarded at an appropriate public function.